# VROU PAK LEEU

(*Vervolg van bladsy 2*)

buurman se huisie sowat twee myl daarvandaan. Dié het hul inderhaas vervoer na Kamanjab; daarvandaan is die dokter in Outjo gebel. Hy het die twee beseerdes in alleryl tegemoet gekom, en daar in die veld waar hy hulle ontmoet het, het hy hulle behandel.

Mev. Els se toestand was sorgwekkend en sy moes na die hospitaal gaan. Na tien dae was sy egter so ver herstel dat sy die hospitaal kon verlaat.

★

HIERDIE storie sou nie volledig wees as ek nie melding maak van die rol wat ou Simon, die Herero-veewagter, in hierdie voorval gespeel het nie. Toe ek hierdie Duitssprekende oudsoldaat van die Duitse leër vra na sy aandeel in die petalje, was al wat hy my kon sê: „Maar ou Simon hy moes mos gehardloop om hy moes mos daardie byl loop haal by die huis."


Die waarheid is egter dat ou Simon rieme neergelê het huis toe dat die stof so staan toe hy die leeu hoor brul. Nou is hy baie skaam as mens daarvan praat. Vir sy nooi het hy gesmeek: „Missies moet tog asseblief nie die witmens hom vertel dat ou Simon hy het weggehardloop nie."

Toe sy nooi uit die hospitaal op die plaas terugkom, gee ou Simon haar 'n bossie volstruisvere present met die woorde: „Dit is om die missies het ons almal gekeer van die dood. Ou Simon hy is skaam daarom die mansmense was so sleg." Daardeur verwys hy natuurlik net na sy eie aandeel.

Maar die ou jong het ook deeglike voorsorg getref dat hy volgende keer nie sal weghardloop nie. Nadat die leeu afgeslag was, het hy die punt van die leeu se hart afgesny, dit in die gal van die leeu gedoop en toe so rou geëet. „Nou ou Simon hy het mos self daardie moed van die lou. Nou missies sy hoef mos nie meer vir ou Simon te veg nie."

Mens kon verwag dat menigeen Hendrina Els se kordaatstuk sou bewonder. Toe sy nog in die hospitaal was, was haar kamer nooit sonder vars rose nie, almal van bewonderaars. Later het sy briewe ontvang uit alle dele van ons land en selfs uit Engeland, Duitsland en België. 'n Gedig aan haar opgedra is uit Kaapstad afkomstig. 'n Brief uit Kaapstad was gerig aan:

Mevrou Els,
(die leeuskieter),
Outjo Hospitaal,
Outjo, S.W.A.



**Die waardevolle karakoelskape wat teen leeus beskerm moet word, word aangekeer na die werf.**

In 'n brief uit Lutzville lees ons: „U word bewonder. Ek het ook te doen gehad met leeus en het 'n paar geskiet. Daarom ken ek die gedierte. Mag ek u eendag ontmoet om daardie brawe hand 'n handdruk te gee."

Uit Salisbury het drie vroue geskryf: „U was wonderlik en die hele land moet trots op u wees." 'n Brief uit Dordrecht lui o.a.: „Ek wil graag hê al die mense moet sien wat 'n heldin ons het . . . Ek het gehuil toe ek die berig lees . . . Ai, mevrou, ons is baie trots om so 'n brawe vrou onder ons Afrikaanse nasie te tel."

Die brief wat mev. Els egter die meeste op prys stel, is afkomstig uit Worthing, Sussex (Engeland) en is onderteken deur vier jong mans.

Die adres was:

Mrs. R. C. Els,
„Woman Grabs Lioness to Save Family,"
The Els Farm,
150 miles from Outjo,
South West Africa.

Onder andere skryf hulle in Engels: „Ons moes eenvoudig skryf om u te vertel hoe dapper ons meen u was en om ook ons gelukwense te voeg by die baie wat u sekerlik sal ontvang." Hulle voeg dan in Afrikaans by: „Al die beste wense."

Uit Parow (Kaap) skryf 'n vrou: „Ons voel trots op ons Afrikanervroue, veral as hulle so dapper is. Natuurlik glo ons dat dit alleen ons Hemelse Vader was wat u daartoe in staat gestel het, Sy krag, Sy genade. Hom al die eer, nie waar nie?"

En dit is ook die beskouing van hierdie dapper vrou en haar man. Aan my het hulle gesê: „Dit was maar net louter geluk dat ons die regte dinge op die regte oomblik gedoen het. Ons kan nie anders sê as dat 'n Hoër Hand ons bewaak het nie."

★

DIT moet hierdie houding wees wat die dapper paar nederig en vriendelik gehou het nadat hulle soveel bewondering afgedwing het.

Ek het halftien in die aand by hul eenvoudige, tydelike huisie aangekom. Die verwelkoming was hartlik. „In hierdie wêreld is geen gas ooit ontydig nie," het Renier Els gesê.

En so was dit ook. Ek het die nag in die voorste van die twee vertrekke op 'n binneveermatras geslaap en my gelê en verwonder dat so 'n bekoorlike en vriendelike vrou die moed kon gehad het om 'n leeu met haar kaal hande te pak.

Mev. Els was 'n nooi Joubert uit die suide van S.W.A. Haar man was oorspronklik 'n Kaaplander. Hulle het hier op die voorpunt van die beskawing aan die Rooi Lyn die eerste maal met 'n leeu kom kennis maak nadat hulle aan die begin van die jaar een van die plase gekry het wat die regering daar uitgegee het.

En dit was 'n kennismaking wat hulle nie lig sal vergeet nie en waaroor mense van Suid-Afrika nog baie jare sal praat.